**Sondag 22 Mei**

**Skrifgedeelte: Genesis 1:26-31; 2 Timoteus 2:8-13;**
**HK Sondag 12, Antwoord 32**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:28; 2 Timoteus 2:12**

## Die Christen as koning: regeer saam met Christus

Nadat God die mens geskep het, het Hy hom beveel: "*Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, die voëls in die hemel* ..." (Gen. 1:28). Hieruit is dit duidelik dat God die mens geskep het om koning oor die aarde te wees en in hierdie koningskap God te dien. Dit moes hy doen deur die aarde te bewoon en te bewerk en deur die beheersing van die natuur kultuur te skep. God het hom ook die verstand, insig en wysheid gegee om dit te kan doen. Toe het die mens in sonde geval en dit het ingrypende gevolge gehad vir sy taak as koning. In plaas van om 'n koning te wees, het hy 'n slaaf van die sonde geword en in 'n despoot of 'n tiran of 'n luiaard verander.

Toe het Christus gekom en die mens weer in sy amp as koning in diens van God herstel, al is hy nog nie ten volle van die sonde bevry nie. Daarom het die mens die roeping om oor die aarde te heers en kultuur te skep. Nou maak ons belydenis net melding van die koninklike regeermag van die Christen ná hierdie lewe. Tog is dit uit die voorgaande duidelik dat die koninklike regeermag van die Christen reeds in hierdie lewe geopenbaar moet word as hy orde handhaaf en kultuur skep ondanks die teëwerking van die sonde.

Die regering van die Christen as koning sal egter ná hierdie lewe tot volle ontplooiing kom as hy saam met Christus oor alle skepsels sal regeer. Dit behels die herstel van die mens se koningsheerskappy oor die skepping soos dit voor die sondeval was. So sal die mens in sy heerskappy oor die skepping God kan dien. Daarvan getuig Paulus ook as hy sê: "*As ons in die geloof volhard, sal ons saam met Hom (Christus) regeer*" (2 Tim. 2:12). Ons sal dus ná die dood nie net saam met Christus *lewe* nie (vs 11), maar ons sal ook saam met Christus *regeer* (vs 12). So sal ons deel hê aan sy koning-skap. Dit moet gesien word as 'n besondere weldaad van God aan sy kin-ders. Dit sal immers toon dat die mens se slawerny van die sonde deur die verlossing van Christus finaal beëindig is.

In Openbaring 22 (1953-vertaling) word enersyds van die verloste mensheid gesê: "... en sy *diensknegte* sal Hom dien" (22:3). Andersyds word van hulle gesê: "... en hulle sal as *konings* regeer tot in alle ewigheid" (22:5). Hulle is dus diensknegte en konings tegelyk. Hulle diens aan God sal geen slawediens wees nie, maar koningsdiens.